21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Dawid se gebed

## 1 Kronieke 29:10-19

*Om Dawid se gebed te kan waardeer is dit belangrik om te weet in watter situasie hy dit gebid het. Dawid sou nie die tempel bou nie. God het besluit dat sy seun en opvolger, Salomo, dit sou doen.*

*Hierdie gebed gee 'n basis vir selfkennis - God is God, en jy is sy kind. Gebed help jou om 'n duidelike perspektief op die lewe te kry, 'n bewustheid en erkenning van God as die gewer van lewe.*

*Hierdie gebed van Dawid bring op 'n wonderlike manier die..*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte..*

*twee kante van aanbidding bymekaar:*
*Die uiterlike lofprysing aan God vir wie Hy is en wat Hy doen, en ook die innerlike toewyding aan en liefde vir God.*

*Bybel 24/7)*

# Dawid se gebed

**Dawid, in sy gebed, skets die kontras van God se grootheid teenoor ons menslikheid. Hoe sou jy in jou lewe vandag God se grootheid beskryf?**

**Dawid dank God vir sy gawes, waarvoor kan jy vandag vir God dankie sê?**

**Dawid bid ook vir 'n blywende gesindheid en opregte hart. Waar kort jy ons Vader se hulp in jou persoonlike nastrewe hiervan?**